SPESOP

Doelwit en standaarde

Module 1	Die kursus self

Doelwit: **Om die kursusganger vertroud te maak met die wyse waarop die kursus aan gebied word en wat van elkeen verwag sal word.**

Standaard:
- **Dat kursusgangers gemaklik sal wees met aktiwiteite.**
- **Dat kursusgangers die doel en funksie van sang en spele deur die loop van 'n kursus sal besef en sal verstaan hoe om dit self gedurende aanbiedings aan te wend.**
- **Dat kursusgangers die belangrikheid van die hantering van begronding deur elke kursus wat aangebied word, sal verstaan.**

1.1 Kontraksluiting en programverduideliking
1.2 Kursusdissipline
1.3 Verduideliking van funksionering van sang deur loop van kursus.
1.4 Begronding van kursusse
1.5 Rol van Bybelstudie in kursusse

Module 2	Kursusaanbieder

Doelwit: **Om kursusgangers die geleentheid te gee om hulle self te leer ken en hulle sterk en swak punte self te ontdek. Om die geleentheid te skep om met verskillende karakters kennis te maak en 'n vaardigheid te ontwikkel om moeilike karakters in 'n kursus te hanteer.**

Standaard:
- **Dat die kursusgangers sy eie persoonlikheidsprofiel herken.**
- **Dat hy self sal ontdek of hy die eienskappe van 'n goeie aanbieder het.**
- **Dat hy die vaardigheid sal ontwikkel om moeilike mense kan herken en hanteer.**
- **Dat hy konflik sal kan hanteer**
- **Dat die kursusgangers sal weet wat van die aanbieder verwag word wat betref sy voorkoms, kleredrag en gedrag.**

2.1 Kursusaanbieder: persoonlikheidsprofiel
2.2 Eienskappe van 'n goeie aanbieder
2.3 Hantering van kursusgangers: Moeilike mense, Konflikhantering
2.4 Voorkoms van die kursusaanbieder

Module 3 Tegnieke

Doelwit: **Om die kursusganger toe te rus met die kennis en vaardighede wat eie is aan ’n suksesvolle aanbieder.**

Standaarde:
- **Dat die potensiële aanbieders die nodige fasiliteringstegnieke sal bemeester.**
- **Dat hulle die nodige kommunikasie vaardighede sal aanleer en bemeester om suksesvol in die openbaar te kan optree.**
- **Dat die potensiële aanbieder suksesvol van sang en spele gebruik sal kan maak om afwisseling te verskaf en aan kursusgangers die geleentheid sal gee om te ontspan en van energie ontslae te raak.**
- **Dat die aanbieder van die toekoms toegerus is met kennis en vaardighede om seremonies aan te wend as hulpmiddel in die aanbieding van kursusse.**

3.1 Kursusleierskap
3.2 Fasiliteringstegnieke
3.3 Openbare optrede
3.4 Kommunikasietegnieke
3.5 Rol van sang en spele
3.6 Rol van seremonies

Module 4 Praktiese aanbieding

Doelwit: **Om die aanbieders van kursusse toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om suksesvolle en genoegsame voorbereiding te doen en om vaardig te wees in die gebruik van ou- sowel as nuwe en elektroniese hulpmiddels by die aanbieding van kursusse. Om die waarde van aktiwiteite as hulpmiddels vir die kanalisering van energie te besef.**

Standaarde:
- **Die aanbieder sal voldoende voorbereiding kan doen vir die aanbieding van ’n suksesvolle kursus**
- **Die aanbieders sal ’n verskeidenheid aanbiedingsmetodes ken en kan gebruik.**
- **Die aanbieders sal weet van ’n verskeidenheid hulpmiddels en dit kan gebruik.**
- **Die benutting van opkikkers as hulpmiddel.**

4.1 Lesontwerp
4.2 Aanbiedingsmetodes
4.3 Hulpmiddels
4.4 Elektroniese hulpmiddels
4.5 Opkikkers (“energizers”)

Module 5 Kursusorganisering

Doelwit: **Om die kursusleier toe te rus om die totale organisasie verbonde aan die reël van 'n volwasse kursus te kan hanteer en hom bewus te maak van alle kursusse beskikbaar, die voorvereistes daarvoor en die prosedures wat gevolg word by die aanbieding van 'n kursus. Om die kursusgangers ook die geleentheid te gee om homself as aanbieder te beoordeel en te besluit of hy geskik is vir aanbieder.**

Standaarde:
- **Die kursusganger sal bewus wees van kursusse beskikbaar en die leer planne.**
- **Die kursusgangers sal toegerus wees om 'n kursus van A-Z te organiseer.**
- **Die kursusgangers sal 'n In-die-oë-kyk sessie met een van die aan bieders hê.**

5.1 Opleidingsprogram : volwasse kursusse
5.2 Prosedures by organisasie van kursusse
5.3 Prosedures by aanbieding van kursusse
5.4 **I**n **D**ie **O**ë **K**yk (Idok-onderhoude)

Module 6 Prakties

Doelwit: **Om elke kursusganger voldoende geleentheid te gee om sy aanbiedings en optrede voor ander te beproef, te oefen en te evalueer**

Standaarde:
- **Die kursusganger sal die minimum van twee aanbiedings voor die groep doen.**
- **Die kursusgangers sal die beplanning en voorbereiding vooraf beskik baar stel vir evaluering en advies.**
- **Die kursusgangers sal die geleentheid kry om hulle self en mekaar op video te sien na die aanbiedings en om kritiek te ontvang.**
- **Kursusgangers sal die geleentheid kry om aan 'n opening en afsluiting-seremonie deel te neem.**
- **Die kursusgangers sal die geleentheid kry om verantwoordelikheid te aanvaar vir verskillende Godsdiensgeleenthede.**

6.1 Praktiese lesaanbiedings – 4 sessies
6.2 Evaluering en kritisering – 2 sessies
6.3 Opening en afsluitingseremonies.
6.4 Opening en afsluiting (Godsdiens)